

Maandag 20 Maart

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 12:1-11

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 12:7

**In die verskeidenheid van gawes word Jesus as Here in die wêreld bekend
gemaak**

Die Heilige Gees bevestig deur sy werking in die gelowiges dat Jesus Here is. Hy doen dit deur die kerk in staat te stel om Jesus se teenwoordigheid in die wêreld op verskillende wyses te openbaar, deur elke individuele lidmaat. Die kerk is die wyse waarop Jesus Christus op unieke manier geopenbaar word en Hy homself op 'n onderskeidende wyse uitdruk.

In die kerk is daar 'n ryke verskeidenheid van mense en gawes. Daar is baie lidmate in die liggaam en elke lidmaat is anders. Geen persoon, geen gawe is 'n replika van n ander een nie. Daarom Paulus se oproep, selfs vir die verdeelde en arrogante gemeente van Korinte, om in die uitoefening van die verskeidenheid van gawes vir die wêreld te wys dat Jesus Here is.

God gee die verskeidenheid van gawes en ons mag daarom nie probeer om hierdie verskeidenheid te ontken of op een of ander wyse sekere gawes beter te ag as ander nie. God is in beheer – dit bevestig verskeidenheid, want Hy is oneindig ryk in barmhartigheid en genade, gedurigdeur besig om op kreatiewe maniere te werk om sy liefde en die waarheid te wys.

Aan elke gelowige afsonderlik word 'n werking van die Gees gegee tot voordeel van almal. Die kerk, die vergadering van gelowiges, is 'n gemeenskap van die Heilige Gees, van die lewende God. Hy is ryk in verskeidenheid van genade en barmhartigheid en elke gelowige dra by tot hierdie verskeidenheid.

Sing: Skrifberyming 8-1:1

Dr. TC Theuns) de Klerk (Okahandja)